

Skole

UP-gholfspan wen toernooi

Wilhelm de Swardt

Tuks se gholfspan het met sy sege in die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi gewys dat hy die kuns om bekere te wen vervolmaak het.

Die eindstryd was 'n herhaling van verlede jaar met die spanne van die Universiteit van Pretoria en die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit wat weer sake uitgespook het. Dié keer was dit die Tukkies wat belangrike sethoue gesink het om 5-1 te wen. Dit is die elfde keer dat Tuks die kompetisie wen.

Tuks se wenspan is: David Nortje, Ian Jacobs, Jacques Britz en Calvin Ferreira.

Dit was beslis nie net Tuks se gholfspelers wat verlede week gedurende die Suid-Afrikaanse Studente-toernooi beïndruk het nie.

Bongani van Bodenstein het vir die tweede agtereenvolgende jaar die enkelspel-, dubbelspel- en gemengde-dubbelspel-titel in pluimbal verower. Met dié vertoning het hy waarskynlik verseker dat hy Suid-Afrika op die Wêreld-studentespele gaan verteenwoordig.

Tuks se sokkerspan was so by-



Die Universiteit van Pretoria se gholfspan wat onlangs die SA Universiteite-toernooi gewen het, is van links Jacques Britz, Llewellyn van Leeuwen (spanbestuurder), David Nortje (kaptein), Ian Jacobs en Calvin Ferreira.

Foto: KARL DU PREEZ

na ook aan die wenkant, maar het in 'n riller-eindstryd teen die TUT vasgeval. Nadat speelyd verby was, was die telling gelyk op 0-elk.

"Die wedstryd is toe met strafskoppe beslis. Dit het die TUT in

staat gestel om 5-4 te wen.

Tisane Motau (Tuks-afrigter) was tevrede met sy span se vertoning.

"Dit is nooit lekker om te verloor nie, maar dit was te wagte dat die spelers tam sou wees.

Die eindstryd was hul sewende wedstryd in vyf dae. Wat my opgewonde maak, is hoe die spelers daarin geslaag het om doelkanse te laat tel. In die sewe wedstryde het ons 15 doele aangeteken en net een afgestaan.

Die enigste wedstryd waar ons nie 'n doel kon aanteken nie, was die eindstryd."

Tuks en die TUT pak mekaar weer aan die einde van die maand in die Varsity-toernooi.

Motau is vol vertroue dat sy span dié keer sal wen want 95% van die spelers wat nou vir Tuks uitgedraf het, kan weer speel.

Dit is nie 'n verrassing dat Dylan Patterson die toekenning as doelwagter van die toernooi ontvang het nie.

Nog 'n groot hoogtepunt vir Tuks was die vertoning van sy tennisspan. Dit was die eerste keer in 12 jaar dat Tuks weer tot die eindstryd deurgedring het. Ten spyte van 'n moedige vertoning het Kovsies Tuks met 7-6 getroef.

André de Beer (Tuks-afrigter) het sy span se vertoning aan harde werk en 'n ongelooflike spangees toegeskryf.

"Die spelers het regtig vir mekaar gespeel en om die universiteit trots te maak."

Lionel Jarrard en Amy Olivier is ingesluit in die Suid-Afrikaanse Studentespan.

Tuks se vroue-hokkie-span het ook die Universiteite-toernooi gewen.